**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 7 1 1 1 4 3 1 8 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 1458B4

14 NOV 1997

Beeld Jg.......... Nr.......... P. 3 .......... Dat..........

# Vergoeding uit dié fonds het 'meer sin'

Dit sal meer sin hê om bates van die Sasria-versekeringsfonds te gebruik om vergoeding te betaal aan mense wat onder apartheid gely het as om dit uit 'n belasting op welvaart te finansier.

Só skryf mnr. JP Landman, ontleder van politiek en arbeid by BOE Natwest Securities, in 'n verklaring wat sy maatskappy uitgereik het.

Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) het dit aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) voorgestel.

Landman skryf dat die beplande vergoeding minder as R3 miljard sou wees wat oor 'n tydperk van vyf tot ses jaar uitbetaal sal word. Sasria se opgehoopte bates oorskry R9 miljard.

Dit is tydens die vorige bewind gestig om dekking te bied teen skade wat gely is as gevolg van politieke oproer. Daar is geen noemenswaardige eise die laaste jare ontvang nie.

Volgens Landman sal die WVK nie 'n welvaartbelasting aanbeveel nie.

Só 'n belasting kan die totale belastinglas verhoog tot meer as die plafon van 25% van die bruto binnelandse produk wat in die regering se makro-ekonomiese strategie (Gear) in die vooruitsig gestel word.

Dit sal die onderneming van me. Gill Marcus, adjunk-minister van finansies, skend om geen nuwe belasting in te stel voordat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens bestaande belasting behoorlik kan invorder nie.

Hy voeg by dat só 'n welvaartbelasting ondoeltreffend sal wees en dat dit nie met Gear strook nie.

**TREFWOORDE**

1 Afr. Beeld
2 Raad van Ekonomiese
3 Uitklarings
4 Sasria
5 Skadevergoedings
6 Slagoffers
7 Waarheid ontdekking
8 Verwerping
9 Belasting
10 Rykdom